Curriebeker Week 5

WP vs Sharks

In gietende reën op Nuweland het die hoop van die Kapenaars weggespoel en toegesien hoe die Fransman Fred Michalak drie skepdoele en vier strafdoele deur die mikke geklits het om die Haaie in staat te stel om die wedstryd 21-19 te wen. Die wedstryd was tot op die einde op 'n mespunt gebalanseer, maar dit wys weer dat ervaring in nat en koue toestande goud werd is. Die Sharks is maar deur min mense die kans gegun om die een te wen… maar 'n beroemde spreukwoord … "never say never" is van toepassing.

Pumas vs Blou Bulle

In Nelspruit was dit 'n naelbyt-stryd wat die Bulle onoortuigend wen met 16-12. 'n Skepskop deur die oud Rustie, Louis Fouche, het die blou wa deur die drif getrek. Dit was weereens 'n Puma span wat so naby maar tog so ver is van hulle eerste oorwinning oor een van die groot honde. Die Bulle gaan egter nog baie van die gras af eet as hulle die tipe spel gaan opdis in die res van die seisoen. Vir die nuwe afrigter, Pine Pienaar, is dit sekerlik nog 'n pynlike groeipyn ondervinding in die Curriebeker reeks.

Griekwas vs Luiperds

In Kimberley lewer die Diamantvelders 'n kliniese vertoning en wen die wedstryd teen die Potchefstromers maklik met 32-18 om 'n waardevolle 5 punter in te samel. Die Griekwas is 'n omgekrapte span op die harde veld naby die groot gat en 'n paar spanne gaan dit vanjaar ontgeld in Kimberley! Die stryd om te bepaal wie die sesde span in volgende jaar se kompetisie sal wees, is duidelik deel van die Griekwas se planne; hulle vat die verandering baie ernstig op.

Cheetahs vs Lions

Die Goue Leeus is nog steeds besig om hard te brul en wen 'n klipharde stryd op Coka-Cola park met 17-10. Die belangrikheid van 'n betroubare skopskoen in 'n span is weer hier gesien met Sias Ebersohn wat die kluts skoon kwyt was terwyl Elton Jantjies met vier strafdoele geslaag het. Die Leeus is besig om 'n gedugte eenheid te vorm en die verlies van Jano Vermaak het nie 'n negatiewe inpak op die span se spel gehad nie. Die groot katte sal moeilik van die beker af weggehou word in die 2011 kompetisie. Die legende, Naas Botha, glo daarin dat 'n span 'n wenkultuur begin opbou en hierdie groep Jo'burgers is besig om dit vinnig te ontwikkel, maar hy het ook gesê die Curriebeker word eers in Oktober gewen…

Nag ou grote...

Drienasies 2011: Springbokke vs Wallabies Plan B of Faks A?

Elke Bok ondersteuner, of dalk persone met groenkeelvolkoors, sal vandag beter gevoel het as daar nog 'n Dokter Louis Luyt in die gange rondbeweeg het... voorskrifte was nie uitgeskryf nie, sommer gefaks.

Kortlikss; die Wallabies klop die Bok "A" span met 14-9 en die bokbestuur meen die wedstryd is net op die telbord verloor! Dok Danie Craven sou beswyk het aan onnatuurlike gevolge indien hy nog op die planeet rugby was.

'n Mens kan net wonder wat die volgende en volgende, en , en... flou verwerings en verskonings sal wees hoekom die span so onder-gemiddeld presteer?

Die swartgalligheid moet seker plek maak vir die idée van 'n 2011 Wêreldbeker toernooi, maar moet 'n mens uitsien om die Wallabies, Engeland, Frankryk en die All Blacks in die kwart en half eindstryde- en eindstryd te sien speel?

En dit nog boonop met die trotse Bok op die mou? Miskien sal die volgende wedstryd meer gelyk verloop want die Bokke speel teen die "B" Blacks... Graham Henry het besluit om nege van sy sleutelspelers te laat rus...

Nag ou grote…

Promosa outplays Khuma

Front Row: Promosa team winners of the U16 Toro Ya Africa Development league Back fltr: Solomon Meki (Youth Cricket Coordinator, NWC), Kevin Gower (Vice President, NWC), Jacques Faul (CEO, NWC), and Bazil Clarke (Amateur Manager, NWC).

Potchefstroom/ Orkney – The U16 Toro Ya Africa Development League reached is conclusion on the 6th of August 2011.

The final was contested between Promosa and Khuma; the latter had reached their first final in their first year of participating in the league by winning three out of four matches; they won against Tlhabane, Matlosana, and Itsoseng.

The final was hosted in Orkney at the Vaal Reefs Cricket Ground namely Victory Park.

Promosa won the toss and elected to bat first, Katlego Leokaoke and Alex Meyer opened the batting for the defending champions.

In the individual awards, Johnny Kekana (Promosa; team captain) received awards for Best Batsmen for the match as he scored 52 runs off 41 balls (scoring 7 fours) and he received 3 warm-up shirts from AS Sport.

SA Women's Camp

Potchefstroom – With the England Women Tour on our doorsteps, the CSA (Cricket South Africa) High Performance team have been hard at work since the beginning of the year with no rest during the off-season. The preparation of the team is essential to their performance against the world's number one women's team – England. The English team will touch down on the 17th of October and is scheduled to play Three ODI and Three T20 Matches.The squad to play against England will be announced at the conclusion of the September Camp, which will be announced in Potchefstroom from Friday 23rd September to Sunday 25th September 2011. Due to time constrains, the squad to play in Bangladesh at the WCQ will be announced at the conclusion of the ODI leg of the England series.

Rustenburg: Soccer Tlhabane Sporting played against Amandelbult u/17 on Saturday 6 August 2011 at the Tlhabane Stadium. Amandelbult won 2-1with the Man of the Match, Sithembel Wettie.

Skole Sirkel Trampolien Kompetisie

Rustenburg – Die volgende gimnaste van die Rustenburg Platinum Gimnastiek Klub het die afgelope naweek aan die Skole Sirkel Trampolien Kompetisie deelgeneem en uitstekend gevaar.

Vlnr: Wian van Aswegen (Protea Park), Alicia van Heerden (Larries), Wilmerie du Plessis (Vastrap), Chantelle van Heerden (Larries)

Mikhael Correia-Abreu (Selly Park)



Wilmerie du Plessis (Vastrap)

Larries Gimnaste vlnr: Zane de Klerk, Alicia van Heerden en Chantelle van Heerden

Parkies Gimnaste vlnr: Charlize Jonker, Werner Everleighen en Wian van Aswegen.

Vlnr: Natasha de Klerk (Larries) en Charlize Jonker (Protea Park).

Dwayne Meintjies (Vastrap)

Baie dankie aan Thea Steyn, afrigter van die Rustenburg Platinum Gimnastiek Klub. Sy kan gekontak word by 076 303 3933 of gdsteyn@hotmail.co.uk vir enige navrae.